higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 3

23 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	A		
	1.1.3	D		
	1.1.4	C		
	1.1.5	C		
			(5 × 1)	(5)
1.2	1.2.1	Gesag		
	1.2.2	Organisasiestruktuur		
	1.2.3	Bankoortrekking		
	1.2.4	Prestasiebeoordeling		
	1.2.5	Span		
			(5 × 1)	(5)
1.3	1.3.1	Dissiplinêre prosedure		
	1.3.2	Debiteure		
	1.3.3	Spaarrekening		
	1.3.4	Beplanning		
	1.3.5	Steunfunksies		
			(5 × 1)	(5)
1.4	1.4.1	D		
	1.4.2	F		
	1.4.3	A		
	1.4.4	B		
	1.4.5	C		
			(5 × 1)	(5)
				[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Interne belanghebbendes verwys na individue wat regstreeks by die onderneming betrokke is en wat finansieel vergoed word vir die bydraes wat hulle aan die onderneming lewer,
    - byvoorbeeld, werkgewer en werknemers ✓

- Eksterne belanghebbendes is individue wat nie deel van die onderneming uitmaak nie. Hulle trek nie finansieel voordeel uit die onderneming nie, ✓
    - byvoorbeeld, plaaslike ondernemings en staatsdepartemente.

Enige toepaslike antwoord – voorbeelde wat met scenario verband hou (3 × 2) (6)

2.2
- Buigsame werksure wat werknemers in staat stel om hul werk- en persoonlike lewens te balanseer
- Om te voel dat bestuurder en kollegas van jou hou en jou bydrae waardeer
- Werksvervulling
- Bestuurder se optrede wat wys dat hy/sy die werknemer vertrou en op hom/haar staatmaak
- Oop kommunikasiekanaal
- Om presies te weet wat die maatskappy van die werknemer verwag
- Motiveer spanwerk
- Bestuur word betrek by probleemoplossing en besluitneming van die onderneming (Enige toepaslike antwoord 3 × 2) (6)

2.3
- Kliënte ondersteun mededingers.
- Verskaffers wat nie betyds betaal word nie, kan weier om bestellings te lewer en sodoende die doeltreffende werking van die onderneming ontwrig.
- Banke en ander finansiële belanghebbendes kan hul ondersteuning onttrek en terugbetaling van enige uitstaande lenings vereis.
- Aandeelhouers kan op die terugbetaling van hul beleggings/investerings aandring.
- Die plaaslike gemeenskap kan weier om die onderneming te ondersteun.

(Enige toepaslike antwoord 3 × 2) (6)

2.4
- Beplan
- Lei
- Beheer
- Organiseer (Enige van die bostaande antwoorde 2 × 2) (4)

[22]

VRAAG 3

3.1
- Verkoop kantoormasjinerie
- Versien en herstel kantoormasjinerie (2)

3.2



(10)

3.3 3.3.1 Besturende direkteur
- Om alle sakebedrywighede te lei en te beheer
- Om strategiese planne te ontwikkel
- Om maatskappybeleid suksesvol te implementeer

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

3.3.2 Senior bestuur
- Lei toesighouers
- Ontwikkel doelwitte vir onderneming
- Neem kritieke besluite (Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

3.3.3 Junior bestuur
- Doen verslag aan bestuurders op hoër vlak
- Gee instruksies/opdragte, leiding en rigting aan werknemers in hul daaglikse take
- Wys take en verantwoordelikhede aan werknemers toe
- Hou toesig oor die dag-tot-dag-werkverrigting van werknemers
- Help om werknemers se knelpunte en geskille op te los

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

3.4
- Wanneer die saak buite 'n persoon se jurisdiksie val
- Wanneer die saak buite 'n persoon se kundigheid of ervaring val
- Wanneer die ondergeskikte geen bevoegdheid het om 'n besluit te neem nie
- Wanneer die ondergeskikte geen kundigheid of vaardighede het om vraagstukke op te los nie

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.5
- Verantwoordelik om die onderneming se produkte te verkoop
- Stel verkoopsdoelstellings.
- Identifiseer potensiële nuwe kliënte.
- Om die verkoopsteikens in die onderneming te haal
- Bedink strategieë en tegnieke wat noodsaaklik is om die verkoopsteikens te bereik
- Verantwoordelik vir handelsmerkbevordering
- Ondersteun en motiveer die verkoopspan om verkoopsteikens te bereik
- Om kliëntleidrade vir die onderneming te genereer

(Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

3.6 Onbevoegde kosteberekening
- As kosteberekening nie behoorlik gedoen word nie, sal dit die maatskappy geld kos.

Tyd wat vermors word ✓
- Gebrek aan produktiwiteit in een afdeling sal tot vertragings in 'n ander afdeling lei.

Verlaag gehalte
- Aankoop van minderwaardige materiale of probleme tydens produksie kan daartoe lei dat minderwaardige produkte vervaardig word. Dit beïnvloed weer verkope en lei tot die teruggawe van minderwaardige produkte. ✓

Lae moraal ✓
- Werknemers se moraal word deur dié van hul bestuurders beïnvloed. ✓

Verlies van kliënte✓
- Indien produkte en/of dienste nie van die verlangde standaard is nie, sal die verbruiker nie by die maatskappy koop nie.

(Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

3.7
- Algemene bestuur
- Administrasie
- Finansies
- Mensehulpbronne
- Bemarking
- Produksie – bedrywighede
- Openbare betrekkinge
- Aankope

(Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

[60]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 ’n Ooreenkoms tussen ’n werkgewer en werknemer wat die basiese diensvoorwaardes uiteensit

4.1.2 Om ’n werknemer uit diens te stel weens ’n ooraanbod van arbeid of onbevoegdheid van werknemer om aan die maatskappy se prestasiestandaarde te voldoen

4.1.3 Die handeling waarvolgens inligting van een plek, persoon of groep aan ’n ander oorgedra word

(3 × 2) (6)

4.2
- Dit beskerm die werkgewer aangesien dit die gedrag van die werknemer in die werksplek reguleer.
- Dit verleen aan die werkgewer spesifieke regte indien die werknemer nie die maatskappy se reëls nakom nie.
- Dit verseker dat werknemer en werkgewer ’n duidelike begrip het van wat tydens die dienstermyn verwag word.
- Dit help om enige geskille uit te skakel wat op ’n later datum kan ontstaan.
- Dit gee werknemers ’n sin vir sekuriteit omdat hulle ’n kontrak het.

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

4.3
- Volle naam en adres van die werkgewer
- Naam en adres van die werknemer
- Beroep – bondige posbeskrywing
- Die werksplek
- Die gewone werksure
- Datum van indiensneming
- Ooreengekome vergoeding – salaris
- Datum waarop vergoeding betaal word
- Vergoeding vir oortydwerk
- Besonderhede van enige ander betalings en toelaes
- Verlof waarop werknemer geregtig is en kennistydperk

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

4.4
- ’n Werkgewer mag nie werknemers dwing om op ’n openbare vakansiedag te werk nie, tensy daarop ooreengekom is.
- Indien ’n openbare vakansiedag op ’n dag val waarop ’n werknemer normaalweg werk, moet die werkgewer aan werknemers wat op die openbare vakansiedag werk minstens twee keer die bedrag vir ’n gewone dag se werk betaal.
- Indien werknemers op ’n openbare vakansiedag werk en dit is nie ’n dag waarop hulle normaalweg werk nie, moet die werkgewer hulle ’n bedrag betaal gelykstaande aan hul gewone daaglikse lone, plus die bedrag wat hulle verdien het vir die werk wat op daardie dag verrig is.
- ’n Werkgewer moet werknemers op hul gewone betaaldatum betaal vir werk wat op ’n openbare vakansiedag gedoen is. (Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

[24]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Versekering is ’n kontrak wat deur ’n polis verteenwoordig word waarin ’n individu of entiteit finansiële beskerming teen verliese of terugbetaling van ’n versekeringsmaatskappy ontvang in ruil vir die betaling van ’n premie. (4)

5.2
- Belangrik maar nie dringend nie
- Dringend maar nie belangrik nie
- Nie dringend nie en nie belangrik nie (3 × 2) (6)

5.3
- Staan op wanneer jy iemand groet/ontmoet.
- Glimlag.
- Maak oogkontak.
- Handdruk moet ferm en van korte duur wees.
- Weet hoe om mense aan mekaar voor te stel.
- Wees ’n goeie luisteraar en dink voordat jy antwoord.
- Praat met ’n vriendelike stem en nie te hard nie.
- Moenie by ’n argument betrokke raak nie. Bly kalm en eerbiedig.
- Moenie grappe maak wat met seks, politiek, geslag, godsdiens of ras verband hou nie.
- Moenie kru taal gebruik nie.
- Gebruik voorname van mense wat jy ontmoet het slegs nadat hulle jou toestemming gegee het. (Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

5.4
- Die onderneming se kredietstandaarde en -ooreenkoms
- Die kliënt se kredietperk
- Tydperk waarbinne rekening betaal moet word
- Korting toegestaan indien betyds of vroeër betaal
- Wat gebeur indien ’n kliënt hul kredietperk oorskry
- Die bedrag rente wat op laat betalings gehef word

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)
[24]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou